

N° 2181.

**UNION SUD-AFRICAINE
ET ALLEMAGNE**

Traité de commerce et de navigation,
avec protocole. Signés à Prétoria,
le 1^{er} septembre 1928.

**UNION OF SOUTH AFRICA
AND GERMANY**

Treaty of Commerce and Navigation,
with Protocol. Signed at Pretoria,
September 1, 1928.

TEXTE AFRIKANDER.-AFRIKAANS TEXT*

N^o 2181. — VERDRAG¹ VAN HANDEL EN SKEEPVAART TUSSEN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN DIE DUITSE RYK, ONDERTEKEN TĒ PRETORIA DIE ISTE SEPTEMBER 1928.

Textes officiels allemand, anglais et afrikander communiqués par le ministre des Affaires extérieures de l'Union Sud-Africaine et le consul général d'Allemagne à Genève. L'enregistrement de ce traité a eu lieu le 30 octobre 1929.

SY MAJESTEIT DIE KONING VAN DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN GROOT-BRITTANJE-IERLAND EN DIE BRITSE OORSESE GEWESTE, KEISER VAN INDIË, VIR EN TEN BEHOEWE VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA, EN DIE DUITSE RYKSPRESIDENT, wensende om die handelsbetrekkings wat reeds tussen die Unie van Suid-Afrika en die Duitse Ryk bestaan, verder te bevorder en uit te brei, het besluit om 'n verdrag van handel en skeepvaart vir daardie doel en tot daardie einde aan te gaan, en het hulle gevormagtigdes benoem, te wete :

SY MAJESTEIT DIE KONING VAN DIE VERENIGDE KONINKRYK VAN GROOT-BRITTANJE, IERLAND EN DIE BRITSE OORSESE GEWESTE, KEISER VAN INDIË :

Die Hoogedelgestreng Heer Fredrik William BEYERS, K.C., L.V., Lid van die Uitvoerende Raad en Minister van Mynwese en Nywerheid van die Unie van Suid-Afrika ;

DIE DUITSE RYKSPRESIDENT :

Herr Otto SARNOW, Ministerialrat in die Duitse Ministerie van Finansies ;

¹ L'échange des ratifications a eu lieu à Berlin, le 11 juin 1929.

No. 2181. — TREATY¹ OF COMMERCE AND NAVIGATION BETWEEN THE UNION OF SOUTH AFRICA AND THE GERMAN REICH. SIGNED AT PRETORIA, SEPTEMBER 1, 1928.

German, English and Afrikaans official texts communicated by the Minister for External Affairs of the Union of South-Africa and the German Consul-General at Geneva. The registration of this Treaty took place October 30, 1929.

HIS MAJESTY THE KING OF THE UNITED KINGDOM OF GREAT BRITAIN, IRELAND, AND THE BRITISH DOMINIONS BEYOND THE SEAS, EMPEROR OF INDIA, FOR AND ON BEHALF OF THE UNION OF SOUTH AFRICA, and THE PRESIDENT OF THE GERMAN REICH, being desirous of further facilitating and extending the commercial relations already existing between the Union of South Africa and the German Reich, have resolved to conclude a treaty of commerce and navigation for that purpose and to that end, and have appointed their Plenipotentiaries, that is to say :

HIS MAJESTY THE KING OF THE UNITED KINGDOM OF GREAT BRITAIN, IRELAND, AND THE BRITISH DOMINIONS BEYOND THE SEAS, EMPEROR OF INDIA :

The Honourable Fredrik William BEYERS, K.C., M.L.A. a Member of the Executive Council and Minister of Mines and Industries of the Union of South Africa ;

THE PRESIDENT OF THE GERMAN REICH :

Herr Otto SARNOW, Ministerialrat in the German Ministry of Finance ;

¹ The exchange of ratifications took place at Berlin, June 11, 1929.

Wat, nadat hulle hulself oortuig het omtrent hulle respektiewe volmagte, ooreengekom het as volg :

Artikkel 1.

Daar sal wedersydse vryheid van handel en skeepvaart bestaan tussen die lande van die kontrakterende partye.

Die onderdane of burgers van ieder van die kontrakterende partye sal, met inagneming van die wette en reglemente in die algemeen toepaslik op burgers, die vryheid geniet om vryelik en sonder hinder met hulle skepe en die ladings daarvan te kom na alle plekke en hawens in die gebied van die ander, waar onderdane of burgers van daardie party toegelaat is of mag word, en sal dieselfde regte, voorregte, vryhede, gunste en vrystellings met betrekking tot handel en skeepvaart geniet as wat onderdane of burgers van daardie party geniet of sal geniet.

Artikkel 2.

Die onderdane of burgers van ieder van die kontrakterende partye sal in die gebied van die ander ten opsigte van hulle persone, ull eiendom, regte en belange, en ten opsigte van handel, nywerheid, besigheid, professie, beroep of enige ander saak, in ieder opsig dieselfde behandeling en wetlike beskerming geniet as die onderdane of burgers van daardie party of van die mees begunstigde land, wat betref algemeen en plaaslike belastings, tolregte, skattings, heffings wat wesenlik belastings is, en ander soortgelyke laste.

Artikkel 3.

Die kontrakterende partye kom ooreen dat, in alle sake betreffende handel, skeepvaart en nywerheid, enige voorreg, guns of vrystelling wat een party toegestaan het of hierna mag toestaan a an die skepe en onderdane of burgers van enige ander staat, gelyktydig en onvoorwaardelik sonder versoek en sonder vergoeding aan die skepe en onderdane van die ander verleen sal word, daar dit hulle bedoeling is dat die handel, skeepvaart en nywerheid van ieder van die partye in alle opsigte op die voet van die mees begunstigde land sal geplaas word.

Who, having satisfied themselves as to their respective full powers, have agreed as follows :

Article 1.

There shall be between the territories of the contracting parties reciprocal freedom of commerce and navigation.

The subjects or citizens of either of the contracting parties upon conforming themselves to the laws and regulations applicable generally to nationals, shall have liberty, freely and securely to come, with their ships and cargoes, to all places and ports in the territories of the other to which subjects or citizens of that party are or may be permitted to come, and shall enjoy the same rights, privileges, liberties, favours, immunities, and exemptions in matters of commerce and navigation as are or may be enjoyed by subjects or citizens of that party.

Article 2.

The subjects or citizens of either of the contracting parties shall enjoy in the territories of the other, in respect of their persons, their property, rights and interests, and in respect of commerce, industry, business, profession, occupation, or any other matter, in every way the same treatment and legal protection as the subjects or citizens of that party or of the most favoured nation, in as far as taxes, rates, customs, imposts, fees which are substantially taxes, and other similar charges are concerned.

Article 3.

The contracting parties agree that in all matters relating to commerce, navigation, and industry, any privileges, favour, or immunity which either of the parties has actually granted or may hereafter grant to the ships and subjects or citizens of any other state shall be extended simultaneously and unconditionally, without request and without compensation, to the ships and subjects or citizens of the other, it being their intention that the commerce, navigation, and industry of either of the parties shall be placed in all respects on the footing of the most favoured nation.

Artikkel 4.

Die bepalings van hierdie verdrag ten opsigte van die waarborg tot behandeling as mees begunstigde land sal nie op die volgende van toepassing wees nie :

(1) gunste werklik toegestaan of wat hierna toegestaan mag word deur een van die kontrakterende partye aan 'n aangrensende staat of gebied tot vergemakliking van verkeer vir bepaalde grensstreke, wat in die reël nie verder uitstrek dan 15 kilometer aan die een of die ander kant van die grens nie, en vir inwoners van sodanige streke ;

(2) gunste werklik toegestaan of wat hierna toegestaan mag word deur die Unie van Suid-Afrika aan Portugees Oos-Afrika ;

(3) gunste werklik toegestaan of wat hierna toegestaan mag word deur een van die kontrakterende partye aan 'n derde staat of gebied ingevolge 'n tolunie wat reeds gesluit is of later gesluit mag word ;

(4) gunste wat een van die kontrakterende partye toegestaan het of hierna mag toestaan aan 'n derde staat in ooreenkomste tot voorkoming van dubbele belasting en die onderlinge beskerming van die skatkis ;

(5) voorregte en tegemoetkomings wat reeds werklik toegestaan is of wat hierna toestaan mag word, aan skepe wat seepos onder kontrak vervoer.

Artikkel 5.

Die onderdane of burgers van ieder van die kontrakterende partye geniet in die gebied van die ander volle vryheid om elke soort eiendom, roerend of onroerend, te verwerf en te besit wat die wette van die ander party die onderdane of burgers van enige ander staat toelaat of sal toelaat om te verwerf en te besit. Hulle mag daarvoor beskik deur verkoop, ruil, skenking, huwelik, testament, of op enige ander wyse, of dit verwerf deur erfopvolging onder dieselfe omstandighede as wat bepaal is of sal word ten opsigte van onderdane of burgers van die ander party.

Article 4.

The provisions of the present treaty with regard to the grant of the treatment of the most favoured nation do not extend to :

(1) Favours actually granted or which may hereafter be granted by either of the contracting parties to an adjoining state or territory to facilitate traffic for certain frontier districts, as a rule not extending beyond 15 kilometres on each side of the frontier, and for residents in such districts ;

(2) Favours actually granted or which may hereafter be granted by the Union of South Africa to Portuguese East Africa ;

(3) Favours actually granted or which may hereafter be granted by either of the contracting parties to a third state or territory in virtue of a customs union which has already been or may be hereafter concluded ;

(4) Favours which either of the contracting parties has granted or may hereafter grant to a third state in agreements for the avoidance of double taxation, and the mutual protection of the revenue ;

(5) Privileges and facilities actually extended, or which may hereafter be extended to vessels carrying mails under contract.

Article 5.

The subjects or citizens of either of the contracting parties shall in the territories of the other be at full liberty to acquire and possess every description of property, movable and immovable, which the laws of the other party permit, or shall permit, the subjects or citizens of any other state to acquire and possess. They may dispose of the same by sale, exchange, gift, marriage, testament, or in any other manner, or acquire the same by inheritance, under the same conditions as are or shall be established with regard to subjects or citizens of the other party.

Die onderdane of burgers van ieder van die kontrakterende partye word ook toegelaat om, met inagneming van die wette van die ander party, vryelik die opbrengs van die verkoop van hulle eiendom en hulle goed in die algemeen uit te voer sonder om onderworpe te wees aan ander of hoër regte dan die, waaraan onderdane of burgers van sodanige party of van die mees begunstigde land onder soortgelyke omstandighede onderhewig sou wees.

Artikkel 6.

Die onderdane of burgers van ieder van die kontrakterende partye is geregtig om die gebied van die ander te betree, daartoe reis, te woon en te werk of hulle daarin te vestig so lang as hulle die geldende voorwaardes en reglemente op die toegang, reis, verblyf, vestiging en werk van die onderdane of burgers van alle ander state nakom en inagneem.

Artikkel 7.

Die onderdane of burgers van ieder van die kontrakterende partye in die gebied van die ander is vrygestel van alle gedwonge militêre diens van watter aard ook, hetsy in die leër, die mariene, lugmag, die skuttery of die burgermag. Hulle is tewens vrygestel van alle regterlike, administratiewe en munisipale dienste, behalwe die wat opgelê kragtens wette betreffende juries, asook van gedwonge geldlenings, van alle heffings, hetsy in geld of in goed, opgelê in plaas van persoonlike diens, en ten slotte van elke militêre verpligting of skatting. Die heffings in verband met die besit van onroerende eiendom onder elke titel word egter hiervan uitgesluit sowel as gedwonge inkwartiering en ander besondere militêre verpligtings en skattings waaraan alle onderdane van die ander party onderhewig mag wees as eienaars of besitters van geboue of grond.

In so ver as een van die kontrakterende partye sekere militêre verpligtings of skattings aan onderdane of burgers van die ander mag oplê, sal hy dieselfde skadeloosstelling ten opsigte daarvan toestaan as toegestaan word aan sy eie onderdane of burgers.

In die hierbogemelde opsigte sal aan die onderdane of burgers van ieder van die kontrakterende partye in die gebied van die ander

The subjects or citizens of either of the contracting parties shall also be permitted, on compliance with the laws of the other party, freely to export the proceeds of the sale of their property and their goods in general without being subjected to other or higher duties than those to which subjects or citizens of such party or of the most favoured nation would be liable under similar circumstances.

Article 6.

The subjects or citizens of either of the contracting parties shall be entitled to enter, travel, reside, settle, and work in the territories of the other so long as they satisfy and observe the conditions and regulations, in force at the time, applicable to the entry, travel, residence, settlement, and work of the subjects or citizens of all other states.

Article 7.

The subjects or citizens of either of the contracting parties in the territories of the other shall be exempted from all compulsory military service whatsoever, whether in the army, navy, air force, national guard, or militia. They shall similarly be exempted from all judicial, administrative, and municipal functions whatever, other than those imposed by the laws relating to juries, as well as from forced loans, from all contributions, whether pecuniary or in kind, imposed as an equivalent for personal service, and finally from any military exaction or requisition. The charges connected with the possession by any title of landed property are, however, excepted, as well as compulsory billeting and other special military exactions or requisitions to which all subjects or citizens of the other party may be liable as owners or occupiers of buildings or land.

In so far as either of the contracting parties may levy any military exactions or requisitions on the subjects or citizens of the other, it shall accord the same compensation in respect thereof as is accorded to its own subjects or citizens.

In the above respects the subjects or citizens of either of the contracting parties shall not be accorded in the territories of the other

geen minder gunstige behandeling toegestaan word nie dan die wat toegestaan word of mag word aan die onderdane of burgers van die mees begunstigde land.

Vir die doeleindes van hierdie artikel sal elke onderdaan of burger van ieder van die kontrakterende partye, wat kragtens die wette van die ander party 'n onderdaan van laasgenoemde party geword het en in sy gebied gedomisiliëer is, beskou word as 'n onderdaan of burger van sodanige party.

Artikel 8.

Enige artikel voortgebring of vervaardig in die gebied van een van die kontrakterende partye sal nie, by invoer in die gebied van die ander, aan ander of hoër tolregte of heffings onderhewig wees nie dan die wat gehef word op soortgelyke artikels in 'n ander land voortgebring of vervaardig; met die verstande dat ten opsigte van die goedere tans bepaaldelik vermeld in die bestaande wetgewing van die Unie van Suid-Afrika die Duitse Ryk geen aanspraak kan maak nie op die mienimumtolregte en kortings wat ten opsigte van daardie goedere toegestaan kan word, slegs indien hulle voortgebring of vervaardig word binne Groot-Brittanje en Noord-Ierland en die Britse Vrygeweste, Kolonies, Besittings en Protektorate en wanneer hulle daarvandaan vir verbruik in die Unie ingevoer word, of op die mienimumtolregte en kortings wat werklik aan Kanada en Nu-Seeland respektiewelik toegestaan is ten opsigte van die artikels bepaaldelik vermeld in Dele II en IV van die Tweede Bylae tot Wet No. 36 van 1925 van die Unie van Suid-Afrika.

Met betrekking tot tolformaliteite sal enige artikel, in die gebied van een van die kontrakterende partye voortgebring of vervaardig, wanneer dit in die gebied van die ander party ingevoer word, nie onderhewig wees aan enige behandeling wat minder gunstig is nie dan die wat toegestaan is ten opsigte van soortgelyke artikels in 'n ander land voortgebring of vervaardig.

Artikel 9.

By die uitvoer uit die gebied van een van die kontrakterende partye na die gebied van die ander sal geen artikel aan ander of hoër belastinge of heffings onderhewig wees nie as

less favourable treatment than that which is or may be accorded to subjects or citizens of the most favoured nation.

For the purposes of this article any subject or citizens of either of the contracting parties who has, under the laws of the other party, become a subject and is domiciled in the territories of the latter party shall be regarded as a subject or citizens of such party.

Article 8.

Any article produced or manufactured in the territories of either of the contracting parties, on importation into the territories of the other, shall not be subjected to other or higher duties or charges than those paid on the like articles produced or manufactured in any other country; provided that in respect of the goods now specifically enumerated in the existing legislation of the Union of South Africa the German Reich may not claim the minimum rates or rebates which can only be granted on such goods if produced or manufactured within Great Britain and Northern Ireland, and the British Dominions, Colonies, Possessions, or Protectorates and when imported therefrom for consumption within the Union nor such minimum rates or rebates as have actually been granted to Canada and New Zealand respectively in respect of the articles specifically mentioned in Schedule II, Parts II and IV, to Act No. 36 of 1925 of the Union of South Africa.

With regard to customs formalities any article produced, or manufactured in the territory of either of the contracting parties when imported into the territory of the other party shall not be subjected to any treatment less favourable than that accorded to like articles produced, or manufactured in any other country.

Article 9.

No articles on exportation from the territories of either of the contracting parties to the territories of the other shall be subjected to other or higher duties or charges than those levied

die wat gehêf word op soortgelyke artikels by hulle uitvoer na enige ander land.

on the like articles on exportation to any other country.

Artikel 10.

Die kontrakterende partye onderneem om nie die onderlinge verkeer deur die oplegging van verbodsbepalings of besondere beperkings op hulle invoer of uitvoer te belemmer nie.

Uitsonderings mag in die volgende gevalle voorkom, mits hulle op dieselfde tyd, op dieselfde wyse en tot dieselfde mate toegepas word op ander lande ten opsigte waarvan soortgelyke gronde vir die toepassing van sodanige maatreëls bestaan, en verder mits hulle geen verdekte beperking van die onderlinge handel uitmaak nie :

(1) met die oog op die openbare veiligheid ;

(2) met die oog op die openbare gesondheid of tot beskerming van diere of nuttige plante teen siektes, insekte en skadelike parasiete ;

(3) ten opsigte van wapens, ammunisie en krygsmateriaal en, onder buitengewone omstandighede, ook ten opsigte van ander materiaal wat in 'n oorlog benodig is ;

(4) ten opsigte van goedere wat voorwerpe is of mag wees van 'n staatsmonopolie in die gebied van een van die kontrakterende partye en ten opsigte van die uitbreiding, tot goedere uit watter land ook afkomstig, van alle ander verbodsbepalings of beperkings wat deur die inlandse wetgewing van een van die kontrakterende partye gestel is of mag word op die voortbrenging, verkoop, versending of verbruik van ware van dieselfde soort binne sy eie gebied voortgebring ;

(5) ten opsigte van die uitvoer van nasionale skatte van artistieke, geskiedkundige of oudheidkundige waarde.

Artikel II.

Anagaande die deurgang van persone en goedere deur hulle respektiewe gebiede sal die kontrakterende partye wedersyds die bepalinge

Article 10.

The contracting parties undertake not to impede the mutual traffic through the imposition of any prohibitions or special restrictions upon their imports or exports.

Exceptions may occur in the following cases, provided that they are applied at the same time, in the same manner, and to the same extent to other countries in regard to which like grounds for applying such measures exist, and provided further that they do not constitute a disguised restriction on the mutual trade :

(1) In consideration of the public safety ;

(2) In consideration of the public health or for protection of animals or useful plants against diseases, insects, and harmful parasites ;

(3) In respect of weapons, ammunition, and war material, and, under exceptional circumstances, also in respect of other materials needed in war ;

(4) In respect of goods which are or may be objects of a state monopoly in the territory of either of the contracting parties, and in respect of the extension to goods from any country whatsoever of all other prohibitions or restrictions which are or may be imposed by the internal legislation of either party upon the production, sale, forwarding or consumption of goods of the same kind produced within its own territories ; and

(5) In respect of the export of national treasures of artistic, historic, or archaeological value.

Article II.

Concerning the transit of persons and goods through their respective territories the contracting parties will apply mutually the articles

van die internasionale konvensie¹ wat op 20 April 1921 betreffende vryheid van deurgang te Barcelona gesluit is, in toepassing bring.

Artikel 12.

In alle aangeleenthede betreffende die invoer, uitvoer en deurvoer van koopware staan die kontrakterende partye aan mekaar die behandelings van die mees begunstigde land toe, met inagneming van die voorbehoude in Artikels 4 en 8 beding.

Artikel 13.

Geen inlandse regte, belastings of heffings wat binne die gebied van een van die kontrakterende partye vir die voordeel van die staat of plaaslike besture of liggame op die voortbrenging, vervaardiging of verbruik van goedere gehê word of gehê mag word, sal onder watter voorwendsel ook op die voortbrengrsels van die ander party op 'n hoër of meer drukkende wyse gehê word nie dan op soortgelyke voortbrengrsels van nasionale oorsprong of op soortgelyke voortbrengrsels van enige ander land.

Artikel 14.

Die bepalinge van hierdie verdrag betreffende die wedersydse behandeling as die mees begunstigde land sal onvoorwaardelik van toepassing wees op die behandeling van handelsreisigers en hulle monsters. In verband met hierdie saak kom die kontrakterende partye ooreen om die bepalinge na te kom van die internasionale konvensie insake die vereenvoudiging van tolformaliteite², op 3 November 1923 te Genève geteken.

¹ Vol. VII, page 11; vol. XI, page 406; vol. XV, page 304; vol. XIX, page 278; vol. XXIV, page 154; vol. XXXI, page 244; vol. XXXV, page 298; vol. XXXIX, page 166; vol. LIX, page 344; vol. LXIX, page 70; vol. LXXXIII, page 373; et vol. XCII, page 363, de ce recueil.

² Vol. XXX, page 371; vol. XXXV, page 324; vol. XXXIX, page 208; vol. XLV, page 140; vol. L, page 161; vol. LIV, page 398; vol. LIX, page 365; vol. LXIX, page 79; vol. LXXXIII, page 394; vol. LXXXVIII, page 319; et vol. XCII, page 370, de ce recueil.

of the international convention¹ concluded at Barcelona on 20th April, 1921, respecting freedom of transit.

Article 12.

It is further understood that in all matters governing the import, export, and transit of merchandise the contracting parties grant to each other the treatment of the most favoured nation, subject only to the reservations stipulated in Articles 4 and 8.

Article 13.

No internal duties, taxes, or charges which are or may be levied within the territories of either of the contracting parties for the benefit of the State or local authorities or corporations on the production, manufacture or consumption of goods, shall be levied on products of the other party, under any pretext whatever, in a higher and more onerous manner than on the similar products of national origin or on the similar products of any other country.

Article 14.

The stipulations of the present treaty with regard to the mutual grant of the treatment of the most favoured nation apply unconditionally to the treatment of commercial travellers and their samples. In this matter the contracting parties agree to carry out the provisions of the international convention relating to the simplification of customs formalities² signed at Geneva on the 3rd November, 1923.

¹ Vol. VII, page 11; Vol. XI, page 406; Vol. XV, page 304; Vol. XIX, page 278; Vol. XXIV, page 154; Vol. XXXI, page 244; Vol. XXXV, page 298; Vol. XXXIX, page 166; Vol. LIX, page 344; Vol. LXIX, page 70; Vol. LXXXIII, page 373; and vol. XCII, page 363, of this Series.

² Vol. XXX, page 371; Vol. XXXV, page 324; Vol. XXXIX, page 208; Vol. XLV, page 140; Vol. L, page 161; Vol. LIV, page 398; Vol. LIX, page 365; Vol. LXIX, page 79; Vol. LXXXIII, page 394; Vol. LXXXVIII, page 319; and Vol. XCII, page 370, of this Series.

Maar die bepalings van hierdie artikel sal nie van toepassing wees nie op die rondtrekkende handelsbedryf, die ventershandel en die soek na bestellings deur diegene wat sonder ambag of beroep is. Die kontrakterende partye behou vir hulleself in verband hiermee volledige vryheid van wetgewing voor.

Artikel 15.

Maatskappye met beperkte aanspreeklikheid en ander maatskappye, vennootskappe en verenigings opgerig met die oog op handel, versekering, geldwese, nywerheid, vervoer en enige ander soort besigheid wat in die gebied van die een of die ander kontrakterende party gevestig is, sal, mits hulle behoorlik opgerig is in ooreenstemming met die wette in daardie gebied van krag, in die gebied van die ander daarop geregtig wees om hulle regte uit te oefen en in die howe as eisers of verwerders te verskyn, met inagneming van die wette van daardie ander party.

Maatskappye met beperkte aanspreeklikheid en ander maatskappye, vennootskappe en verenigings van een van die kontrakterende partye wat toegelaat is in ooreenstemming met die wette en reglemente van krag in die gebied van die ander party, sal in daardie gebied wat belasting betref, op dieselfde manier behandel word as maatskappye met beperkte aanspreeklikheid en ander maatskappye, vennootskappe en verenigings van daardie party.

Sodanige maatskappye, vennootskappe en verenigings kan in die gebied van een van die kontrakterende partye, hetsy deur die oprigting van takke of andersins, enige soort besigheid verrig wat maatskappye, vennootskappe en verenigings of onderdane of burgers van enige ander staat toegelaat is of mag word om te verrig.

In geen geval sal een van die kontrakterende partye maatskappye, vennootskappe en verenigings van die ander, ten opsigte van watter aangeleentheid ook, minder gunstig behandel as maatskappye, vennootskappe en verenigings van die mees begunstigde land nie.

Die voorafgaande bepalings is van toepassing sowel op maatskappye, vennootskappe en verenigings wat voor die ondertekening van hierdie verdrag opgerig is as op die wat later opgerig mag word.

But the stipulations of this article do not apply to the itinerant profession, the hawker's trade, and the asking for orders of those who have no trade or profession. The contracting parties reserve for themselves in this respect the full freedom of legislations.

Article 15.

Limited liability and other companies, partnerships, and associations formed for the purpose of commerce, insurance, finance, industry, transport, or any other business and established in the territories of either of the contracting parties shall, provided that they have been duly constituting in accordance with the laws in force in such territories, be entitled, in the territories of the other, to exercise their rights and appear in the courts either as plaintiffs or as defendants, subject to the laws of such other party.

Limited liability and other companies, partnerships, and associations of either of the contracting parties which shall have been admitted in accordance with the laws and regulations in force in the territories of the other party shall enjoy in those territories the same treatment in regard to taxation as is accorded to the limited liability and other companies, partnerships, and associations of that party.

Such companies, partnerships, and associations may carry on in the territories of either of the contracting Parties, whether through the establishment of branches or otherwise, any description of business, which the companies, partnerships, and associations or subjects or citizens of any other state are or may be permitted to carry on.

In no case shall the treatment accorded by either of the contracting parties to companies, partnerships, and associations of the other be less favourable in respect of any matter whatever than that accorded to companies, partnerships, and associations of the most favoured nation.

It is understood that the foregoing provisions are applicable to companies, partnerships, and associations constituted before the signing of the present treaty as well as to those which may be constituted subsequently.

Hierdie artikel maak geen inbreuk op die reg van een van die kontrakterende partye om wette en reglemente in te voer of te handhaaf betreffende die beskikking oor onroerende goed, mits in hierdie aangelentheid die behandeling van die mees begunstigde land toegepas word.

Artikel 16.

Ieder van die kontrakterende partye sal die invoer of uitvoer van alle koopware toelaat wat wettig ingevoer of uitgevoer mag word, en tewens die vervoer van persone en hulle bagasie en goed van of na hulle respektiewe lande, op die skepe van die ander, en sodanige skepe, hulle ladings en passasiers sal dieselfde voorregte geniet en sal nie aan enige ander of hoër regte, heffings of beperkings onderworpe wees nie as nasionale skepe en hulle ladings en passasiers of die skepe van enige ander land en hulle ladings en passasiers.

Die kontrakterende partye kom ooreen dat hierdie artikel geen inbreuk sal maak op die maatreëls wat een van hulle wenslik ag tot uitvoering van algemene internasionale konvensies, waarby hy aangesluit het of wat hierna mag gesluit word, veral konvensies onder beskerming van die Volkebond gesluit aangaande deurvoer, uitvoer of invoer van besondere soorte artikels, soos opium of ander gevaarlike verdoewingsmiddels of die voortbrengsels van visserye, of tot uitvoering van algemene konvensies bedoel om inbreuk op industriële, literêre of artistieke eiendom te voorkom, of aangaande vals merke, valse aangifte van oorsprong of ander maniere van onbillike mededinging.

Verder kom die kontrakterende partye ooreen dat die voorafgaande bepalinge ieder van hulle belet om regte of laste wat onderskeid maak na gelang van die vlag, te hef op die goedere of passasiers in die skepe van die ander vervoer.

Die kontrakterende partye kom verder ooreen, met betrekking tot vergemakliking van internasionale spoorwegverkeer en tot die daarop toepaslike vragpryse en voorwaardes, om elkeen geen onbillike onderskeid te maak teenoor die goedere, burgers of skepe van die ander nie.

Vragpryse en vragprysverlaging of ander tegemoetkoming op spoorweggebied wat afhanklik is van voorafgaande of latere vervoer van goedere op skepe van enige skeepvaartonderneming in staats- of partikuliere besit, of wat afhanklik gestel word van 'n bepaalde see- of

